01/10/2023

SAIV WEL-EN-WEË-BRIEF – OKTOBER 2023

Dagsê Veteraan, met hierdie Wel-en-Weë-Brief wil die SAIV veterane in kontak bring met mekaar deur kennis te neem van jul welstand en wetenswaardighede en om allerlei brokkies nuus mee te deel.

- **Verjaarsdagwense** aan die veterane, asook die gades wat hierdie maand verjaar.

  - Die verjaarsdagsteen vir Oktober is Opaal of Jaspis, simboliseer vreugde en vrymoedigheid.
  - Vgl Opaal (Openb 4:3; 21:11); Jaspis (Eks 28:20; 39:13; Openb 4:3; 21:11, 18, 19 in Afr20).
  - Verjaarsdagblom: Gousblom.

- **Met Opregte Medelye aan:**
  - Dirk & Linda Volschenk (Hoëveldtak): Linda se suster is oorlede.

- **Spoedige Beterskapswense aan:**
  - Lt. Genl. Wessel Kritzinger, Senior Lid, word tuis versorg.
  - Genl. Maj. Hennie Schultz, Senior Lid, beenmurgkanker.
  - Brig. Genl. Lee Le Crerar, Senior Lid, ontvang mediese sorg.
  - Wickus van der Linde, SAIV Voorsitter, skouer operasie.
  - Geoff Holland-Muter, SAIV Sekretaris, ontvang mediese sorg.
  - Sam Thwaites, Tuinroete Lid, ontvang mediese sorg.
  - Flip Marx, drastiese beterskap na maandelange ongesteldheid.
  - Herman de Beer, Melksbosstrand, in Vredenburg 'Step-down', ontvang mediese sorg.
  - Robbie Godley, West Rand Branch, at Swartruggens, still dependent from COPD.
  - Peet Dreyer, Centuriontak, sukkel met asemnood en gebruik suurstof.
  - Dirk Botha, Hoëveldtak, longprobleme.
  - Charles Rogers, Centuriontak, hartomleidingsoperasie.
  - Dawid Botha, Trans Magaliestak, ontvang mediese sorg.

- **Ernstige Brandskade:**
  - Doug & Lyndsay Madden, Wesrandtak, groot verliese gely met die brand by Mabalingwe Natuur Reservaat in Limpopo.

- **Koringkorrel** – **Bede vir die welstand van ons lede** – Na aanleiding van Ps 23 vers 3 (Hy gee my nuwe krag).

  "Dit is net die ewige God – die Onmeetlike, die Voleinder van alle dinge – wat ons kan troos en die hart met ware vreugde vul." (Thomas á Kempis)

- **Kontak**: Wel-en-Weë-Brief: welenwee@sainfantry.co.za

- **Dit is die maand Oktober (C. Louis Leipoldt, 1880–1947)**

Viooltjies in die voorhuis,
Viooltjies blou en rooi!
Viooltjies oral op die veld,
En orals, ai, so mooi!

Dit is die maand Oktober,
Die mooiste, mooiste maand!
Dan is die dag so helder,
So groen is elke aand,
So blou en sonder wolke
Die hemel heerlik bo.
So blomtuin-vol van kleure
Die asvaal ou Karoo.

Dit is die maand Oktober!
Die varkblom is in bloei,
Oor al die seekoeigate
In papkuil gegroei;
Die koppies, kort gelede
nog soos 'n klip so kaal.
Het nou vir welkomsgroetnis
hul mooiste voorgehaal.